



Verwysing: 20200219-4684
Lêerno.: 12/2/8/2
Navrae: DD Louw

Omsendbrief: 0048/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale van openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Die oorweging van aansoeke om vrystelling van skoolgeld deur beheerliggame aangaande graad R-leerders by openbare skole.*

Onderwerp: Vrystelling van die betaling van skoolgeld vir ouers aangaande graad R-leerders by openbare skole

1. Hierdie omsendbrief moet saamgelees word met omsendbrief 0020/2019 van 26 April 2019 en is bykomend daartoe.
2. Verpligtende skoolbywoning is, ingevolge artikel 3(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), van toepassing op die eerste skooldag van die jaar waarin 'n leerder die ouderdom van sewe jaar bereik, tot op die laaste skooldag van die jaar waarin 'n leerder die ouderdom van vyftien jaar of graad 9 bereik, watter een ookal eerste plaasvind.
3. Aangesien die SASW egter nie die uitdrukking "program" of die frase "program van die openbare skool" omskryf nie, is die bepalings van die SASW duidelik dat, wanneer skole besig is om die "skoolgeld" van 'n openbare skool wat in die nuwe boekjaar toegepas moet word, vas te stel, hulle die stand van die ouers van bywonende leerders of leerders wat aan die "program van die openbare skool" deelneem, in ag

moet neem. Die ouers van sodanige leerders moet in ag geneem word wanneer die proses vir die "vrystelling van ouers wat nie skoolgeld kan betaal nie" vasgestel word.

4. Aangesien nóg die SASW nóg die *Regulasies betreffende die vrystelling vir ouers van die betaling van skoolgeld in openbare skole*, wat in *Staatskoerant* No. 29311 van 18 Oktober 2006 gepubliseer is, 'n onderskeid tref tussen graad R en leerders wat verplig is om skool by te woon, moet daar gefokus word op of 'n besondere openbare skool graad R insluit by die "program van die openbare skool". Verskillende openbare skole sal moontlik duidelike "programme" hê, derhalwe is dit belangrik om te beklemtoon of 'n openbare skool "skoolgeld" wil verhoog met betrekking tot die bywoning van of deelname aan graad R.
5. Dit is belangrik dat die omskrywing van "privaat bedryf" verduidelik word, aangesien skole, hetsy met opset of deur onkunde, kan ag dat 'n graad R-fasiliteit op skoolterreine privaat bedryf word, as dit nie die geval is nie. Indien enige van die maatstawwe hieronder, soos per omskrywing, nie van toepassing is nie, sal die graad R-fasiliteit by die openbare skool nie as privaat geag word nie. Om as 'n privaat fasiliteit omskryf te word, moet die volgende maatstawwe teenwoordig wees:
 - (a) Daar is 'n huurooreenkoms tussen die skool en die eienaars van die privaat inrigting wat die graad R-fasiliteit op die terrein van die openbare skool bedryf.
 - (b) Geen staatsgeld word gebruik om die graad R-fasiliteit te befonds nie.
 - (c) Geen persone wat deur die staat in diens geneem is, word gebruik om by die privaat instelling onderrig te gee of dit te administreer nie.
6. Gevolglik berus dit op die beheerliggame van alle openbare skole waar graad R geag was om 'n komponent van die "program van 'n openbare skool" te wees en sodanige openbare skool "skoolgeld" vir sodanige "program" wou afdwing, om die gemelde regulasies aangaande graad R-leerders en hulle ouers te oorweeg en toe te pas. Openbare skole waar graad R nie beskou is as 'n komponent van die "program van die openbare skool" nie, d.w.s., as dit privaat bedryf is, maar op die skoolterrein was, ingevolge artikel 20(1)(k) van die SASW, sal nie die gemelde regulasies aangaande graad R as 'n besondere "opvoedkundige program" toepas nie. Neem asseblief kennis dat hierdie besluit vanaf die datum van hierdie omsendbrief in werking tree.

7. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes te bring.

GETEKEN: BK SCHREUDER

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2020-10-22